# I N T E G R A S I E M O D E L

© Dr LE Combrink, 1993

| ONDERRIGFASE | LEERHANDELING |
|---|---|
| VOORBEREIDING VIR DIE LEES VAN DIE TEKS | ▪ Agtergrondsinligting<br>▪ Woordeskatuitbreiding<br>▪ Ontspanning |
| EERSTE LEES VAN DIE TEKS | ▪ Luisteraktiwiteit<br>▪ Skeppende betrokkenheid |
| RESEPSIE<br>▪ Affektief<br>▪ Kognitief<br>(individu, groep, klas) | ▪ Herken en verbaliseer respons<br>▪ Visualisering, vooruitskouing<br>▪ Assosiasie, identifikasie<br>▪ Ontwikkeling van verbeelding |
| ONTWIKKELING EN STRUKTUERING VAN RESPONS<br>Teksanalise van bv<br>- struktuurelemente<br>- karakterisering<br>- ruimtelike uitbeelding<br>- taal en styl | ▪ Ontwikkeling van<br>- begripsvermoë<br>- toepassingsvermoë<br>- analiserende vermoë<br>- sintetiserende vermoë.<br>▪ Verdieping, ontwikkeling en verfyning van affektiewe en kognitiewe respons. |
| OORKOEPELENDE, SAMEVATTENDE AKTIWITEITE<br>- tema, hoofgedagte<br>- funksionele integrasie<br>- lê verbande na buite<br>- navorsing nav teks<br>- vergelyking met ander tekste<br>- gaan historiese ruimte na<br>- kreatiewe aktiwiteite om respons, insig en toepassing te ontwikkel. | ▪ Herken literatuur as uitvloeisel van menslike bestaan<br>▪ Teks as kommentaar op omringende wêreld<br>▪ Teks as produk van bepaalde tyd en ruimte<br>▪ Ontwikkel alle taalvaardighede<br>▪ Ontwikkel sinvolle betrokkenheid by teks. |
| WAARDERING EN EVALUERING VAN TEKS<br>- gemotiveerde waardering<br>- ontwikkel kritiese denke<br>- objektiewe evaluering. | ▪ Verbalisering, formulering<br>▪ Beoordeel teksgeheel<br>▪ Denkvlakvariasie<br>▪ Toepassing op eie lewe. |

# INTEGRASIEMODEL VIR LITERATUURONDERRIG

| ONDERRIGFASE | LEERHANDELING |
|---|---|
| **1. Voorbereiding vir die lees van 'n teks** | |
| ○ Skep 'n atmosfeer wat optimale ontvanklik-heid en betrokkenheid moontlik maak<br><br>○ Verskaf essensiële agtergrondsinligting bv deur integrasie met ander vakinhoude (oa Geskiedenis, Biologie, Geografie.)<br><br>○ Verduidelik vreemde of nuwe terme indien noodsaaklik; verwyder taalversperrings. | ○ Ontspan en raak gereed vir interaksie met die teks.<br><br>○ Kry essensiële agtergrondsinligting vir beter begrip van die teks.<br><br>○ Kry noodsaaklike woordeskatuitbreiding vir beter begrip van teks. |
| **2. Die eerste lees van die teks** | |
| ○ Bepaal watter metode die beste by die teks pas. Gebruik voorlesings (onderwyser, kasset) indien enigsins moontlik.<br><br>○ Verdeel die teks in leeseenhede.<br><br>○ Lees die teks voor; die leerders luister en reageer op die teks. | ○ Maak kennis met die tekswêreld; ontwikkel bepaalde verwagtings.<br><br>○ Ontwikkel luistervaardigheid.<br><br>○ Raak betrokke by die teksinhoud. |
| **3. Geleentheid vir individuele respons** | |
| ○ Aanstip van reaksies op die teks dmv 'n resepsieverslag (bv aantekeninge in 'n lees-joernaal, die invul van semantiese skale.)<br><br>○ Aanstip van probleemgebiede.<br><br>○ Weergawe van visualisering (beeldvorming):<br>- fantasering<br>- analogisering<br>- skepping van sekondêre wêreld.<br><br>○ Nagaan van interaksie met die teks, betrok-kenheid by of onttrekking uit die teks dmv<br>- identifikasie<br>- assosiasie<br>- vooruitskouing<br>- terugskouing<br>- projeksie<br>- voorspelling.<br><br>○ Nagaan van redes vir respons op die teks. | ○ Herken en verbaliseer respons.<br><br>○ Identifiseer interpretasie- of begripsprobleme.<br><br>○ Ontwikkel vermoë om te visualiseer, om met behulp van die verbeelding alternatiewe wêrelde te skep.<br><br>○ Raak betrokke by die teks dmv ontwikke-lende verbeelding.<br><br>○ Raak bewus van identifikasie met karakters of gebeure.<br><br>○ Word bewus van 'n bewegende lesersfokus wat gebeure vooruitloop of dit terugskouend herinterpreteer.<br><br>○ Raak kreatief betrokke by die teks.<br><br>○ Identifiseer oorsake vir die spesifieke respons op die teks. |

| | |
|---|---|
| **4. Geleentheid vir die deel van respons met ander** | |
| o Bepaal fokuspunte in die teks. | o Identifiseer belangrike aspekte wat bespreek behoort te word. |
| o Bespreek probleemgebiede. | o Erken interpretasie- of begripsprobleme; soek oplossings deur bespreking of teksanalise. |
| o Deel persoonlike respons vrywillig. | o Formuleer respons; raak gewillig om dit te bespreek. |
| o Gee verhaal kortliks weer. | o Ontwikkel die vermoë om die verhaal weer te gee; leer onderskei tussen storie (fabel) en plot (sujet). |
| o Gee deurlopend persoonlike waardering en evaluering van teks weer. | o Tree subjektief waarderend en evaluerend op. |
| **5. Die ontwikkeling en strukturering van respons** | |
| o Bespreek verskillende gesigspunte en interpretasie (lesers en verteller). | o Onderskei tussen 'n eerstepersoon-, derdepersoon- en/of alwetende verteller.<br>o Vergelyk verskillende gesigspunte.<br>o Onderskei die oorsake van verskillende gesigspunte.<br>o Ontwikkel respek en verdraagsaamheid teenoor ander standpunte. |
| o Analiseer die teks deurlopend om verskillende interpretasies na te gaan en te verduidelik. | o Ontwikkel die vermoë om die teks objektief te analiseer. |
| o Gaan struktuurelemente na; gee aandag aan die ontwikkeling van spanning en die gevolglike leserbetrokkenheid. | o Sien 'n opeenvolging van gebeure raak; gee dit chronologies weer.<br>o Identifiseer oorsaak en gevolg.<br>o Identifiseer die verskillende stadia van die ontwikkeling van spanning (motoriese moment, krisis, klimaks).<br>o Identifiseer tegnieke waardeur spanning opgebou word.<br>o Identifiseer tegnieke soos terugflitse, voorspellings, projeksies, vooruitloping van gebeure.<br>o Herken struktuur- en plotpatrone.<br>o Gaan die voorspelbaarheid en geloofwaardigheid van die plot na. |

<table>
<tr>
<td>o Ondersoek karakterbeelding en – ontwikkeling.</td>
<td>o Kan karaktereienskappe raaksien en beskryf.<br><br>o Herken stereotipe karakters.<br><br>o Kan karaktereienskappe aflei uit die dialoog en handeling.<br><br>o Identifiseer tegnieke waardeur die skrywer karakter uitbeeld:<br>- dialoog<br>- handeling<br>- weergawe van gedagtes<br>- ander karakters se gedagtes en woorde<br>- reaksie op ander karakters, gebeure en ander sienswyses.<br><br>o Soek oorsake vir karakters se gedrag.<br><br>o Gaan konsekwentheid van gedra na.<br><br>o Gaan konsekwente uitbeelding van karakters na.<br><br>o Analiseer verhoudings tussen karakters.<br><br>o Ondersoek botsings tussen karakters; gaan die oorsake na.<br><br>o Herken konflik tussen ‘n karakter en sy ruimte.<br><br>o Identifiseer konflik weens botsende waardesisteme, standpunte, kulture, belange, ens.<br><br>o Identifiseer innerlike konflik.<br><br>o Identifiseer karakterverandering en – ontwikkeling.<br><br>o Identifiseer die oorsake van karakterverandering.</td>
</tr>
<tr>
<td>o Gaan leserbetrokkenheid by karakters na agv bv identifikasie, assosiasie, bewondering of verwerping.<br><br>o Gaan die uitbeelding van ruimte na; bepaal die rol daarvan in lesersrespons.</td>
<td>o Bly deurlopend bewus van identifikasie en assosiasie met bepaalde karakters; identifiseer emosionele respons op karakters.<br><br>o Gaan die beskrywing van mense, plekke en tydsgewrig na. Soek direkte en indirekte leidrade.<br><br>o Identifiseer die invloed van ruimte op karakters en gebeure.</td>
</tr>
</table>

| | |
|---|---|
| | ○ Identifiseer die rol wat die ruimte in die ontwikkeling van spanning speel.<br><br>○ Gaan na hoe ruimte-uitbeelding die leser emosioneel affekteer; identifiseer die tegnieke waardeur die lesersrespons gemanipuleer word. |
| ○ Gaan na watter invloed taalgebruik en styl het op lesersrespons en -interpretasie. | ○ Vergelyk verskillende karakters se dialoog. |
| ○ Gaan opsigtelike stylaspekte na. | ○ Herken patrone in dialoog.<br><br>○ Onderskei tussen innerlike en uiterlike dialoog.<br><br>○ Onderskei tussen letterlike en figuurlike taalgebruik.<br><br>○ Identifiseer die funksie van verskillende tipes herhaling.<br><br>○ Sien herhalende struktuurelemente raak.<br><br>○ Onderskei tussen vertelling, beskrywing en dialoog.<br><br>○ Herken simboliek; kan simbole verduidelik. |
| ○ Gebruik verskillende metodes en aktiwiteite om insigte uit te bou en te verfyn. | ○ Herken taalgebruik wat verskillende gemoedstemminge aandui. |
| **6. Oorkoepelende, samevattende aktiwiteite** | |
| ○ Bepaal die tema en hoofgedagte van die teks. | ○ Identifiseer en formuleer tema, hoofgedagtes en boodskap. |
| ○ Pas deurlopend funksionele integrasie toe met ander vakinhoude. | ○ Herken literatuur as 'n uitvloeisel van die totale menslike bestaan. |
| ○ Lê verbande na buite, bv. met aktuele sake, politieke en sosiale probleme. | ○ Identifiseer die teks se implisiete kommentaar oor die omringende wêreld. |
| ○ Doen voortgesette navorsing oor die historiese ruimte. | ○ Herken die teks as produk van 'n bepaalde tyd en ruimte. |
| ○ Beplan doelbewus mondelinge en skriftelike aktiwiteite om respons, insig en bepaalde vaardighede te ontwikkel. | ○ Ontwikkel praat- en skryfvaardigheid. |
| ○ Maak gebruik van verskillende media, bv skilder, teken, plak, musiek drama-in-die-onderwys (tableau vivant) om insig en respons te ontwikkel en dit kreatief en verbeeldingryk weer te gee. | ○ Ontwikkel 'n verskeidenheid kreatiewe en verbeeldingryke reaksies op die teks.<br><br>○ Ontwikkel begrip en insig deur die verhaal uit verskillende hoeke te benader. |

| | |
|---|---|
| o Vergelyk die teks met ander tematies eenderse tekste (prosa, poësie, drama, reklame, televisie, film, koerant). Gee aandag aan argetipes en intertekstualiteit.<br><br>o Verwerk die teks vir alternatiewe aanbiedinge: poppespel, hoorspel, draaiboek, ens.<br><br>o Doen navorsing oor die skrywer en ontstaanstydperk van die teks.<br><br>o Differensieer deurlopend doelbewus en doelgerig om te verseker dat die benadering leerdergerig bly. | o Herken ooreenkomste in temas, plots, ruimte, karakters en verhaalstruktuur.<br><br>o Herken ooreenkomste en verskille in verskillende weergawes van dieselfde verhaal.<br><br>o Herken die teks as produk van 'n bepaalde persoon en 'n bepaalde tydperk.<br><br>o Moedig leerderbetrokkenheid by die teks aan deur sinvolle aktiwiteite wat die vermoë, ervaring en belangstelling van die leerder in ag neem. |
| **7. Evaluering van individuele respons** | |
| o Ondersoek aanvanklike en latere respons op die teks.<br><br>o Identifiseer die verandering in respons en houding wat deur interaksie met die teks teweeggebring is. | o Verbaliseer en formuleer denke oor en reaksies op die teks.<br><br>o Gaan redes vir veranderde siening na.<br><br>o Ontwikkel insig en perspektief deur die teks op die persoonlike lewe toe te pas. |
| **8. Waardering en evaluering van die teks** | |
| o Persoonlike respons en die daaropvolgende teksanalise lei geleidelik tot 'n gemotiveerde waardering van die teks.<br><br>o Ontwikkel kritiese denke deurlopend dmv vraagstelling en opdragte wat volgens verskillende denkvlakke beplan is.<br><br>o Objektiewe, literêre evaluering is waarskynlik 'n onbereikbare doelstelling vir skoliere. | o Sien raak dat tema, plot, karakterbeelding, taalgebruik en styl gesamentlik bydra tot die skep van 'n betekenisvolle geheel.<br><br>o Ontwikkel die vermoë om op verskillende denkvlakke te funksioneer.<br><br>o Evalueer karakterisering, beskrywing, verhaalstruktuur en styl.<br><br>o Evalueer die akkuraatheid van die weergawe van 'n historiese ruimte en 'n bepaalde geografiese lokaliteit. |

BRON:

Combrink, Louise, E. 1989.
**Die onderrig van prosa in Afrikaans as Eerste Taal in standerds 3, 4 en 5.**
Doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.